**APRIL: God se vernuwingstroos is onstuitbaar en geklee in heiligheid**

Woensdag **10 April**

**Skrifgedeelte: Jesaja 6:1-13 (AFR83/2020)**

**Fokusgedeelte: Jesaja 6:13**

**Hoop teen alle verwagting in**

Jesaja 6 is waarskynlik een van die belangrikste hoofstukke in die boek Jesaja. Die hoofstuk beskryf die roeping van die profeet en ook die kern van die boodskap wat hy aan die mense van Juda en Jerusalem moes oordra. In die sterfjaar van koning Ussia (ook Asarja genoem) het die profeet ’n ongelooflike visioen van die Here gesien. Hy het die Here op sy troon gesien, met serafs by hom. Hulle het die Here verheerlik as die heilige God wie se mag oor die hele wêreld strek. Jesaja het sy eie nietigheid besef. Tog, toe die Here vra wie Hy na die volk kan stuur, het hy nie gehuiwer nie.

Hierna volg die kern van die boodskap wat die profeet aan die volk moes bring. Dit is ’n boodskap van oordeel, maar die volk sou nie luister nie. Vers 11 en 12 maak dit duidelik dat die oordeel baie hard sal wees. Stede sal verwoes word, die land sal ’n woesteny word en die inwoners van die land sal weggedryf word. Selfs die begin van vers 13 praat nog oor die oordeel. As daar net ’n tiende van die bevolking in die land oorbly, sal oordeel hulle weer tref. Die boodskap van die hoofstuk lyk baie erg, totale verwoesting is aan die kom.

Maar dan, in die laaste gedeelte van vers 13, kom daar ’n boodskap van hoop. Daar sal ’n stomp oorbly, alles gaan nie verwoes word nie. Die gedagte van ’n oorblyfsel is ’n belangrike deel van Jesaja se boodskap aan die volk. Jesaja 11 verbind die oorblyfsel aan die huis van Dawid. Die oorblyfsel trek saam in die koms van die Messias, die prins uit die huis van Dawid. Die oordeel het Hom getref, om vir ons verlossing te bring.

Wanneer dit soms in ’n mens se lewe lyk of daar geen hoop is nie, breek die lig van die evangelie deur en kan ons weet dat ons hoop op Christus en die ewige heerlikheid steeds vir ons ’n werklikheid is.

*Sing: Skrifberyming 2-2:2*

*Prof. HF (Herrie) van Rooy (Emeritus)*